# Hoofstuk XII

.............

## Beurse, Vervoer en Sentralisasie

---

### 1. Inleiding.

Die pligte van die raad en skoolkommissies om beurse toe te ken, vervoer te verseker en te besluit hoe om sentralisasie deur te voer, het baie bespreking, korrespondensie en afvaardigings na die Departement van Onderwys, Uitvoerende komitee en die Administrateur meegebring. Hierdie aspek van die raad en kommissies se werksaamhede het dikwels ontevredenheid geskep sodat die raad die kritiek van die publiek moes verdra terwyl hierdie liggaam soms sy magte oorskry het om die beste vir sy skoolraadsdistrik te verkry.

### 2. Beurse.

a. Losiesbeurse. Die Departement van Onderwys het beurstoekennings bereken op 'n basis wat die bestaande skoolbevolking van skoolraadsgebiede in ag geneem het, maar die Bloemhofse raad moes rekening hou met 'n skommelende bevolking wat deur die toestroming van delwers veroorsaak is.

Aanvanklik het die raad losiesbeurse van 2/-6, 3/- en 5/- per leerling per week toegeken[1], maar hierdie toekenning moes herhaaldelik gewysig word. Vir die eerste kwartaal van 1908 kon slegs 16 losiesbeurse toegestaan word omdat vervoer 'n groot bedrag geverg het.[2]

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1 ged 21.5.'08
2. Ibid, ged. 7.4.1908

Onmiddellik nadat bekendgemaak is wat die bedrag vir die tweede halfjaar sou beloop,het die raad versoek dat 'n addisionele bedrag toegewys word om die toestand die hoof te bied.'n Bykomstige bedrag van £60 is toegestaan en byna 'n derde daarvan moes aangewend word om kosbeursaansoeke tegemoet te kom.[1] Die volgende jaar is losiesbeurse van 5/- per dag toegeken en die raad het gekla dat hulle gebied stiefmoederlik behandel is in vergelyking met die Witwaranssstadse.[2] Die raad het toe 'n besluit geneem dat die afgevaardigdes na die aanstaande konferensie van skoolrade sou voorstel dat die toekenning van beurse op die digtheid van die bevolking gebaseer moes word,maar in 1917 is 'n versoek aan die onderwysowerhede gerig dat die beurs-subsidie volgens die algemene finansiële toestand van die distrik se bevolking bereken moes word.[3] Vir die tweede helfte van 1912 het die raad 'n bykomstige bedrag van £200 verkry om veral delwerskinders van losiesbeurse te verseker.[4]

Terwyl die raad hom beywer het om 'n middelbare afdeling,of hoërskool te verkry,is die noodsaaklikheid van beurse vir koslekerlinge deeglik besef en vir 1917 is 'n bykomstige £300 aangevra,maar dit is nie toegestaan nie en voor die die einde van die eerste kwartaal van daardie jaar moes alle aansoeke vir losiesbeurse van die hand gewys word omdat die subsidie uitgeput was.[5] Die raad het

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 13.10.1908
2. Ibid,ged.8.9.1909
3. Ibid ged. 25.1.1917
4. Ibid ged.21.1.1912
5. Ibid ged. 22.3.1917

die toestand onder die aandag van die Administrateur gebring en 'n addisionele £300 verkry [1] en die volgende jaar is die toekenning verhoog en genoeg kosbeurse kon toegestaan word om die koshuisruimte ten volle te laat beset.[2]

b. Vervoer. Toe die Bloemhofse raad in die lewe geroep is, het daar slegs 10 plaasskole met ongeveer 300 leerlinge onder hom geressorteer.[2] Dit wil voorkom dat die ouers nie in die behoefte van vervoer kon voorsien nie en, gedurende die eerste jaar of twee is veel van die raad geverg om vervoerbeurse toe te staan.

Die raad het sy eerste vervoerskema ingestel om 'n aantal delwerskinders van Kromellenboog na Christiana te vervoer. Die vervoerkoste is bestry deur beurse van 2/- per leerling per week toe te ken en een muilwa is hiervoor gebruik.[3] Kommissielede en belanghebbende ouers het spoedig gekla dat die verantwoordelike persoon nie genoegsame voorsorgsmaatreëls teen koue en reën tref nie, maar die raad het geweier om 'n skool op die delwery te stig en die skema is in stand gehou tot 1910.[4]

Nog 'n vervoerskema het in 1909 in werking getree toe 'n aantal leerlinge van Kareelaagte na Newcastle vervoer is [5] en 'n derde vervoerskema het 'n aantal leerlinge op Verlatenkraal besorg.[6]

Vroeg in1910 het die raad soveel aansoeke vir vervoerbeurse ontvang dat hulle nie in staat was om die aanvraag te ontmoet nie, en toe die Departement weier om die

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 18.10. 1917
2. Jaarverslag 1907,171
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 8.9.1908
4. Ibid 12.10. 1910
5. Ibid, ged. 3.11. 1909
6. Ibid,

Subsidie te verhoog, het ñ afvaardiging van die raad sy opwagting by die Eerste Minister, genl. Botha, gemaak om die erns van die saak onder sy persoonlike aandag te bring. Die uitslag van die deputasie word nie gemeld nie, en die raad het sy versoek van die vorige jaar herhaal, nl. dat £500 nodig was om karre en donkies aan te koop sodat die vervoervraagstuk opgelos kon word.[2] In Februarie 1916 het die raad die eerste aankoop van donkies gedoen toe 40 aangeskaf is teen £5 - 15 - 0 stuk en teen die einde van 1919 het die totale aantal op 272 gestaan.[3] Na 1926 het die inskrywing van die skoolraadsgebied soveel afgeneem dat die raad van die oortollige donkies teen 5/- stuk verkoop het en baie van die ou diere het as leeukos in sommige dieretuine beland.[4]

Vroeg in die dertigerjare is losies- en vervoerbeurse só nou saamgesnoer met sentralisasie dat hierdie aspekte van die onderwys onder die sentralisasieskemas van die raad uiteengesit kan word.

c. Boekbeurse. Departementele Omsendbrief No. 26 van 1923 het die toekenning van boekbeurse aan hoërskoolleerlinge bekendgemaak en die volgende jaar het die raad ses van £2-10-0 toegeken.[5] In 1927 is 20 van £1-5-0 beskikbaar gestel[6] en die volgende jaar is die bedrag tot £2-5-0 verhoog[7], maar sedert 1930 het die toekenning op £3 per jaar

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 9.3.1910
2. Ibid, Boek 1 ged. 29.7.1909
3. Gegewens verkry uit die notules van die Bloemhofse skoolraad, Boeke 1 - 4
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 7, ged. 19.7.29
5. Ibid, ged. 21.3. 1924
6. Ibid, ged. 11.1.1927
7. Ibid, ged. 6.12.1928

gestaan.[1] Die Beherende liggaam en die personeel van die skool het saamgewerk om 'n aansienlike bedrag byeen te bring om gratis boekbeurse aan leerlinge te verskaf [2] en op hierdie wyse is 'n groot aantal leerlinge in staat gestel om hulle hoërskoolloopbane voort te sit.

In 1919 is die merietebeursstelsel ingevoer om behoeftige, maar verdienstelike, leerlinge van buiteskole die geleentheid te gee om 'n hoërskoolkursus te volg. Aanvanklik was die bedrag op £20 per jaar vasgestel[3], maar dit is later verhoog en vir 1934 het die raad £330 ontvang om vir hierdie doel aan te wend.[4]

Die raad en enige van die skoolkommissies was die mening toegedaan dat alle beurse nie vry beurse behoort te wees nie en hulle het die sienswyse van ander skoolrade oor die sienswyse ingewin.[5] 'n Onderkomitee is benoem om meer informasie in te win en op 'n latere geleentheid het hulle aanbeveel dat leerlinge wat st.VI geslaag het, en middelbare onderwys wil bekom, 'n leningsbeurs kon verkry.[6] Die raad het hierdie aanbeveling onderskryf en die Onderwysdepartement genader om hulle versoek op die agenda van die aanstaande skoolraadkonferensie te plaas, maar die Departement het geweier en dit het hierdie saak afgesluit.[7]

Sedert 1928 het die Departement van Onderwys afsonder-

like toewy-

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boeke 8 en 9
2. Notule van die Beherende Liggaam, ged. 27.4.1932
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad Boek 4 ged. 20.2.1919
4. Ibid, Boek 10 ged. 25.1.1934
5. Ibid Boek 6 ged. 16.11.1921
6. Ibid, ged. 23.2.1922
7. Ibid, ged. 1.6.1922

sings t.o.v. laer- en hoërskole gedoen en op hierdie basis is 'n totale bedrag van £400 vir die eerste halfjaar ontvang. Na 'n deeglike bespreking van die toestand is twee lede van die raad afgevaardig om die Departement op die ontoereikendheid van die bedrag te wys, maar hulle moes onverrigtersake terugkeer.[1]

3. Sentralisasie. Die Bloemhofse raad het hom beywer om onderwysgeriewe vir elke kind in sy gebied te verkry en hierdie beleid was die oorsaak van die stigting van 'n aantal klein skole en ondersteunde skole wat soms vir al. slegs enkele kwartale of jare bestaan het. Ten spyte van hierdie beleid moes die raad in 1910 konstateer dat sowat 600 leerlinge van skoolgaande ouderdom in sy skoolraadsdistrik nie op skool was nie.[2]

Inspekteur J.H. Corbett het in sy inspeksieverslag van 1907/08 meegedeel dat sentralisasie hier nie alleen moontlik nie, maar ook baie wenslik was vir die bevordering van die onderwys van die distrik, aangesien die streek yl bewoon word en die skool dus nie na die kinders nie, maar die kinders na die skool gebring moes word.[3]

In die verslag van 1909/10 het die Direkteur daarop gewys dat die sukses wat die skoolrade in hulle sentralisasiepogings gehad het, aanmerklik verskil het in die v- verskillende distrikte [4] en twee jaar later het hy tot di

die slotsom gekom dat sentralisasie tot 'n groot mate d-- deurgevoer is, maar dat die vooruitgang aan die skoolrade

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 14.6.1928

2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad Boek 1, ged. 21Sept.'10
3. Report for the Year ended 30th June 1908, 6
4. Report for the Year ended 30th June 1910, 24

toegeskrywe kon word. "Only those who are familiar with the facts can realise the unpopularity and even abuse which the prosecution of this policy has entailed."[1]

Hoe het die Bloemhofse raad op hierdie beleid gereageer? Reeds in Augustus 1908 is die volgende besluit eenparig aangeneem: "In de toekomst zal deze raad zich bepalen by de oprichting van Centrale scholen"[2] Die volgende jaar is die Onderwysdepartement versoek om die beurssubsidie met £500 te verhoog[3] en nadat die moontlike getal beursaansoeke vir die volgende jaar nagegaan is,moes die raad versoek dat die subsidie met £1,000 verhoog word om die sentralisasiebeleid uit te voer.[4] Dit is gevolglik duidelik dat die raad hom wel beywer het om sentralisasie te steun,maar dat die finansiële toekennings hom nie daartoe in staat gestel het nie. Daarna het die raad oorgegaan om donkies aan te koop en dit het desentralisasie in die hand gewerk.Die delwerye het ook die stelsel in die hand gewerk en die aantal skole het van 16 in 1911 tot 28 in 1921 gestyg.[5]

Tussen 1908 en 1941 is die volgende sentralisasieskemas uitgevoer :

a. i. Die eerste poging om 'n sentrale skool op te rig was gemaak op Uitvalskop waarheen die leerlinge van Heilbron,Ebenhaezer en omgewing vervoer sou word.[6] Na heelwat vertraging is die skool opgerig,maar dit het nooit die verwagte inskrywing bereik nie,veral omdat die benodigde voertuie nie bekom kon word nie.

ii. 'n Tweede sentrale skool het ontstaan toe 'n ver-

---

1.Report for the Year ended 31st Dec.1911, 9

2.Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 6.8.1908

3. Ibid ged. 12.1.1909

4. Ibid ged. 29.7.1909

5.Jaarverslae

6. Notule van die Bloemhose Skoolraad ged. 12.1.1909

vervoerskema ingestel is om kinders van Kareelaagte op Newcastle onderdak te bring.[1] Hierdie skool kon in stand gehou word tot 1927.[2]

iii. Die bestaan van die skool op Verlatenkraal is vir 'n aansienlike tydperk verseker toe die raad daarin geslaag het om die ouers te beweeg om die nodige rytuie aan te skaf vir die vervoer van die leerlinge.[3] Die onkoste aan hierdie skema verbonde is gedek deur die toekenning van losies- en vervoerbeurse.

Na 1910 het die raad baie aandag aan die verskaffing van onderwysgeriewe vir die delwerskinders ; dit wil voorkom asof die raad gewag het dat die trekkende bevolking weer tot stilstand kom voordat 'n volgende stap tot die uitvoering van sentralisasie gedoen kon word. Hierdie bewering word gestaaf deur die feit dat die raad die Departement versoek het om,behalwe op Christiana en Bloemhof,slegs verskuifbare geboue op te rig.[4] In 1923 was daar 7 skole wat inskrywings van minder as 20 getel het,en om hulle te behou het die raad versoek dat eenmanskole mag voortbestaan as 'n inskrywing van 15 tot 20 leerlinge in stand gehou word[5],maar hierdie versoek is geweier.

b. Die tweede fase van sentralisasie het in 1929 ingetree nadat die raad,na aanleiding van 'n departementele omsendbrief,aan die hand gedoen het dat soveel moontlik op die dorpe gesentraliseer word,en dat van regeringsweë die ouers aangemoedig word om die kinders op skool te hou totdat st.VIII afgelê is.[6]

---

1.Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 3.11.1909
2. Jaarverslag 1927 was dit nog aan,maar nie in 1928 nie.
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged.3.11.1909
4. Ibid ged. 19.9.1918
5. Ibid ged. 6.2.1923
6. Ibid, ged.11.12.1929

Die volgende jaar het die Onderwysdepartement 'n omsendbrief insake sentralisasie aan skoolrade gerig en die Bloemhofse raad het weer daarop gewys dat sy gebied yl bevolk was en het aanbeveel dat waar sentrale skole opgerig word, moes vakke soos huishoudkunde en houtwerk onderrig word.[1]

i. Die eerste motorvervoerskema in hierdie gebied is ingestel om die Kuilfonteinse skool op te bou toe 14 leerlinge teen £1 per dag vanaf die Rooikraal-Willowbrookgebied vervoer is.[2]

ii. Na 'n deeglike ondersoek deur afgevaardigdes van die raad en kommissies het die raad aanbeveel dat 'n sentrale skool die bestaande inrigtings op Rietfontein, Greenwood en Verlatenkraal kon vervang as twee vervoerskemas ingestel word. Die beoogde skemas is deur die belanghebbendes bespreek en aanbeveel, maar die Departement wou die skema nie oorweeg nie.[3]

iii. Twee vervoerskemas, Kaffersoan/Zoutpan en Zevenfontein/Schoonzicht, is gedurende 1932 goedgekeur en in werking gestel nadat die ouers lg. skema moontlik gemaak het deur die verbetering van bepaalde plaaspaaie.[4]

iv. In 1933 het die raad sy vorige voorstel vir die amalgamasie van drie skole op Rietfontein teruggetrek en die voorstel van die bewoners dat die Rietfontein en Greenwood skoel op Bloemhof gesentraliseer word, aanvaar.[5] Nog voor die einde van die jaar is die skemas in werking gestel.[6]

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, ged. 12.2.1931
2. Ibid, ged. 8.8. 1930
3. Ibid, ged. 2.10. 1931
4. Ibid, Boek 9
5. Ibid, ged. 19.5.1933
6. Ibid, ged. 2.10.1933

v. Die inskrywing op Bloemhof is verder aangevul toe die vervoerskemas De Beersrust/Bloemhof en Kareepan/Bloemhof werklikheid geword het.[1]

vi. Gedurende 1934 is geen nuwe skemas uitgevoer nie wat waarskynlik te wyte was aan die feit dat die uitvoerbare Vuurfontein/Schweizer-Reneke- en die Verlatenkraal/Kingswood-skemas die aangrensende skoolraaddistrikte getref het.

vii. Die Kaalpan/Bloemhof vervoerskema, wat in Julie 1935 in werking gestel is, het die tweede fase in die ontwikkeling van motorvervoer om sentralisasie tot stand te bring, afgesluit.[2]

c. Teen die einde van 1936 het 17 skole onder die raad geressorteer.[3] Die sentralisasiebeampte van die Departement het die Bloemhof/Schweizer-Reneke-gebied besoek en hy het die volgende sentralisasieskemas voor die raad gelê:[4]

| | | |
|---|---|---|
| Camelford na Christiana | 28 leerlinge | 20 myl |
| Kromellenboog na Christiana | 43 " | 12½ " |
| Palmietfontein na Bloemhof | 36 " | 13.6" |
| Verlatenkraal na Kingswood | 34 " | 16.6" |
| Kareeboschfontein na Kingswood | 34 " | 14½ " |
| Kuilfontein na Avondster 331 | 36 " | 15½ " |
| Olievenfontein na Londen | 45 " | 5.7" |
| Zaailaagte na Avondster 238 | 34 " | 17.4" |
| Fort Weber na Avondster 238 | 34 " | 17.4" |
| Vuurfontein na Schweizer-Reneke | 26 " | 14 " |

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 23.9.35
2. Jaarverslag 1935, 244
3. Jaarverslag 1936, 234
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 23.10. 1935

Die sentralisasie het die raad verseker dat die Provinsiale regering £100,000 vir addisionele klaskamers en £10,000 vir die verbetering van die paaie in die raad se gebied bewillig het.[1]

Op sy volgende vergadering het die raad hierdie planne bespreek en goedgekeur, maar 'n aanbeveling gedoen dat leerlinge wat vers lang afstande moet aflê om die busse te bereik, liewers losiesbeurse op een van die dorpe toegestaan word.[2]

Bogenoemde sentralisasieplanne is voor die betrokke kommissies gelê en daarna moes die raad heelwat van sy tyd afstaan om die besware van die betrokke skole se afgevaardigdes te ondersoek.[3] Om hulle kinders so lank moontlik vanaf die ouerhuis te laat skoolgaan, het verskeie kommissies versoek dat st.VII en VIII aan die plattelandse sentrale skole ingestel word, maar die Departement het die versoek van die hand gewys.[4]

Die raad het geen verdere versoeke i.v.m. die sentralisasieskemas aan die Departement gerig nie, heel waarskynlik met die oog op die besoek van die Onderwyskommissie wat getuienis op Christiana sou inwin gedurende die volgende jaar. Sy voorstelle voor genoemde kommissie kan soos volg saamgevat word : klein skole met 'n mimimum van 15 leerlinge moet in die lewe gehou word; in dunbevolkte gebiede; skoolrade moet die skoolkommissies verkies word soos die gebruik was in die O.V.S.; parallelklasse moet die

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged.23.10.1936
2. Ibid, ged. 26.11.1936
3. Ibid, Boek 11
4. Ibid ged. 29.4. 1937

reël, eerder as die uitsondering op die platteland wees en aan sentrale skole moet praktiese onderwys soos landbou, kleremakery en liggaamlike onderwys voorkeur geniet.[1]

Die vervoerskemas wat deur die sentralisasiebeampte aanbeveel is, is met enkele uitsonderings gedurende die volgende jare uitgevoer sodat die aantal skole wat in 1940 onder die raad geressorteer het tot 9 gedaal het.[2] In 1940-1941 is die vervoerskemas Schoonzicht/London en Olievenfontein/London ingestel sodat die raad daarna beheer gevoer het oor slegs 7 skole, nl.: Christiana, Bloemhof, Camelford, Avondster 331, Avondster 238, Bloemhof Engelsmedium en Zoutpan.[3]

Die raad het sekerlik nie meer 'n selfstandige bestaan regverdig nie en hulle het besef waarheen verwikkelings lei. 'n Eenparige besluit het die Onderwysdepartement versoek dat die skoolrade van Bloemhof en Schweizer-Reneke amalgameer, maar dit het nie die gewenste ontvangs van owerheidswee geniet nie.[4] Sentralisasie moes verder deurgevoer word.

Nadat die sekretaris verplaas is, het die raadsittings op Bloemhof plaasgevind en die Wolmaransstadse sekretaris het opgetree as sekretaris tot op 16 Junie 1947 waarna die rade van Bloemhof, Schweizer-Reneke en Wolmaransstad verenig het met lg. dorp as setel van die Wolmaransstadse Skoolraad.[5]

4. Samevatting. In die ylbewoonde omstreke van Christiana en Bloemhof moes die leerlinge van die een- en tweemanskole dikwels lang afstande onder moeilike omstandighede afle. Die ontberings in hitte, koue en reën is nie selde nie

versaag

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad Boek 11
2. Jaarverslag 1940
3. Jaarverslag 1941
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad Boek 12, 14.1.1943
5. Ibid, Boek 12.3.1947

waar die kommissies en raad die toekenning van losies- en/of vervoerbeurse moontlik gemaak het. Meriete- en boekbeurse het 'n aansienlike getal leerlinge in staat gestel om hulle skoolloopbane voort te sit, waar dit nie sonder hierdie ondersteuning moontlik sou gewees het nie.

Om die invloed van die ouerhuis op die opvoeding so lank moontlik te behou, het gelei tot die raad se beleid van desentralisasie, maar die staat wou weer die geriewe en voordele van groter sentrale skole, wat terselfdertyd besparing op byna alle terreine van die onderwys sou meebring, tot die voordeel van die skoolbevolking aanwend. Die teenstrydighede van hierdie belange kon nie toegelaat word om vir 'n onbepaalde tyd voort te duur nie; vinnige, veilige en doelmatige motorvervoer was die aangewese middel om die probleem en besware op te los. Dit bring wel mee dat sommige leerlinge soveel as twee ure op die busse moet deurbring en daarna nog betreklike lang afstande moet aflê om die ouerhuis te bereik, maar hierdie groep is klein.

'n Klein persentasie leerlinge moes op die dorpskole in losieshuise inwoon omdat die busse vir hulle geen gerief sou meebring nie. Deur die verbeterde omstandighede is dit vir hulle moontlik om enkele naweke per kwartaal tuis deur te bring.[1]

Gedurende die tydperk 1875 tot 1945 is nie minder as 50 verskillende laerskole in hierdie gebied gestig nie; die hoogste getal wat op dieselfde tydstip bestaan het, was 28 en hierdie getal is deur sentralisasie en die toekenning van beurse tot 7 verminder.

---

1. Vgl. Departementele Omsendbrief No 2 van 1954